**"WHO DARES WINS"**

**- AN INTERVIEW (IN AFRIKAANS) WITH ACTRESS AND TV PRESENTER ELMA POSTMA**

**"WIE NIE WAAG NIE, WEN NIE!"**

**- 'n ONDERHOUD MET AKTRISE EN TV-AANBIEDSTER ELMA POSTMA**




**V: Sedert jy gegradueer het is jy met verskeie interessante projekte besig. Vertel ons daarvan.**

Direk na universiteit het ons almal met 'n skok agtergekom dat dit nie eers so maklik is om 'n agent te kry nie, wat nog van werk. Ek het dus onmiddellik ja gesE toe Witbankse stadsteater 6 van ons Tuks-studente nader om daar te gaan werk vir 3 maande en oemf in hulle teater in te blaas. Dit was 'n baie leersame proses – ons het alles gedoen – kinderteater, industriele teater, volle dramaproduksies, kabaret, skole-produksies, noem maar op - en het werklik baie uitgerig. Terug in Johannesburg, na vele onsuksesvolle oudisies, het ek by *7de Laan* begin werk. Dit het werklik my lewe in 'n oogwink verander.

Behalwe vir bekendheid(wat in my oe ook maar vlietend is), het ek soveel tegniese en professionele kennis opgedoen in die 7 jaar wat ek Dezi gespeel het.Dit het my voorberei op die industrie en al sy aspekte. Dit is dikwels die mense wat bereid is om die hardste te werk, wat weer en weer gebruik word in produksies. Na *7de Laan* het verskeie opwindende projekte gevolg – *Ontbytsake*, *Boer soek 'n vrou 1,2 en 3*, *The Mating Game*, *Binnelanders* , 'n klomp teaterstukke deur die jare, waar ek met top-regisseurs kon werk. Ek was gelukkig om te kan toneelspeel en aanbieder te wees – twee heeltemal verskillende genres. Ek kon ook op tv en op die verhoog werk. Ek het probeer om nie vas te steek by een spesifieke genre nie, aangesien ons selde in Suid-Afrika die luuksheid het om net een ding te doen. Jy moet innoverend wees en elke uitdaging wat na jou kant toe kom, aangryp. Dit hou dit ook soveel interessanter!

My reis is nog lank nie verby nie. Ek het onlangs vir die eerste keer 'n lekker substansiele rol gekry in 'n film, *'n Man soos my Pa*, wat in November 2015 uitgereik word, en ek het ook verlede jaar my eerste eenvrou-vertoning, *Trousseau* gedoen. Daarvoor moet jy nou hare op jou tande he en die sterkste senuwees, want dis jy, en jy alleen op die verhoog vir 50-60 minute. Ek glo, wie nie waag nie, wen nie! As gevolg van my werk het ongelooflike geleenthede oor my pad gekom asook 'n paar voorblaaie op tydskrifte. Dit op sigself is wonderlik, maar dit het sy uitdagings, aangesien jou privaatlewe daaronder ly. Ek probeer dus genoeg inligting gee om die lesers gelukkig te hou, maar ek waak daarteen om weggevoer te raak deur die 'glitz en glamour' van die industrie, aangesien dit op die ou einde nie die belangrikste is nie. Ek is gelukkig as ek werk het en kan skep en stories kan vertel.

**V: Watter aspekte van jou dramastudies het jy die meeste geniet?**


Ek het alles geniet. (Ja, okay, eksamen skryf is nie lekker nie, maar dis deel van die proses). Ons was 'n lekker groep studente wat baie hard gewerk het, maar ook ons studentejare ten volle geniet het. Wat produksies betref was *Paradys*, wat ons in ons 2de jaar na die Nasionale Kunstefees in Grahamstad geneem het, asook *Hercules – die pantomime* maar net 2 van die hoogtepunte.

**V: Wat het die dramakursus jou geleer benewens vaardighede?**

Eerstens het ek geleer om baie van my persoonlike grense oor te steek. Ek is nogal inherent skaam, maar die klasse het my gemaklik gemaak met die hele pakket - asemhaling, beweging, vertroue in jou eie lyf se vermoens, kreatiwiteit, hoe om te dink op jou voete. Meestal het ek geleer om hard te werk – om bereid te wees om OORTYD te werk ter wille van die produk. Ons het meestal teater gedoen – die drama kursus het my LIEF gemaak vir die verhoog en die adrenalien wat daarmee gepaard gaan. Ek is selfs lief vir die REUK van die verhoog – elke keer as ek in die Masker teater instap, voel dit soos gister wat ek studeer het.

Ons het 'n baie goeie teoretiese kennis oor toneelspel ook opgedoen – wat defnitief 'n belangrike deel is van die hele kursus. As jy nie die basiese aspekte ken nie, is dit moeilik om nuwe teater te skep. Ken eers die reels, voor jy hulle kan breek, ne? Ek het die ontleding van films ook baie interessant gevind en dit help my vandag nog om objektief na produksies te kan kyk en 'n goeie opinie daaroor te kan lewer. Nog 'n belangrike ding wat ek geleer het, is dat jy altyd deel is van 'n groep mense onder baie stresvolle omstandighede. Dis belangrik om te kan saamwerk en ander te respekteer in die bedryf. Jy moet aanpasbaar wees en jou ego by die huis los.

Ek het beslis geleer om meer oopkop te wees, minder eng te dink oor aspekte. Ons as akteurs lewer meestal kommentaar oor wat in die samelewing aangaan – dis ook hoekom ons kykers en gehore het. Ons maak hulle oe oop vir die lewe en hulle kan baie leer deur stories te kyk wat ons, as akteurs, vir hulle 'n realiteit maak. Maar ek het ook deur die jare my eie 'stem' gevind. Mens hoef nie bereid te wees om sommer net enige karakter te speel of enige iets te sE nie. Bly getrou aan wie jy is, dan gaan jy 'n lang pad kan stap in die toneelbedryf.



**V: Watter projekte beplan jy vir die toekoms?**

Ek gaan in Augustus deur die land toer en ook 'n draai maak in Namibie as beoordelaar van die ATKV-Tienertoneelkompetisie. Ek en Koos Venter(hy was ook in my klas op universiteit) is ook besig met 'n komedie 'Jou gat my skat', geskryf deur Barry van Rensburg, wat ons in Augustus en September gaan opvoer in Gauteng en my eenvrou-vertoning: 'Die Maskers maak die Mens, 'n Motivering-seminaar', sien ook die lig in September by dames-oggende.

**V: Watter advies sal jy vir aspirant akteurs gee?**

Hou altyd jou voete op die grond in hierdie industrie. 'Please don't be a diva'. Werk hard en he respek vir dit wat jy doen, wees altyd professioneel. Moenie moed verloor na die eerste 40 onsuksesvolle oudisies nie. Eendag is dit jou beurt! Maar wees realisties en werk aan jou eie projekte, tussendeur. Oefen jou 'skills' en jou kreatiwiteit. Dit is handig om 'n ander kwalifikasie ook te he wanneer jy stil tye ervaar, so as jy die kans het, leer nog iets by!

Onthou dat jy uniek is en nie soos ander hoef te wees om te kan werk nie. In deesdae se films en reekse sien jy elke tipe mens en karakter – hoe meer 'normaal' en gewoon, hoe beter. As een produksie nie gewerk het nie, is dit nie die einde van die wereld nie - beweeg aan en probeer iets nuuts. Dis 'n voorreg om 'n akteur te kan wees – geniet elke oomblik en hopelik kan jy die passie wat jy nou het, vir altyd behou!